

**9 Desember**

**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18**

**Ons Verlosser kom uit die ewigheid, jy moet Hom aanneem**

Die Heilige Gees het nie minder nie as vier Evangelieskrywers geïnspireer om die selfopenbaring van ons Middelaar te beskryf. Markus begin by Jesus se doop. Matteus en Lukas begin by sy geboorte, maar Johannes gaan terug tot in die ewigheid: toe God in die begin die wêreld geskep het (Gen 1) was die Woord (God se Seun) reeds daar en die Woord was self God.

Hierdie Woord het mens geword, want net God self kan sondaars kom red van die ewige dood. Niks kon daarom die Woord se koms na hierdie wêreld keer en sy Lig uitdoof nie: nie die duisternis van sonde nie, ook nie die vyandigheid van die wêreld of die verwerping deur sy eie mense (Israel) nie.

Maar verwerp alle mense dan nie van nature die Seun van God nie? Is daar mense wat Hom aanneem en gered word? Ja seker, maar dan nie uit hulleself nie. Johannes draai die heilsorde net om. Die gewone orde is: eers vers 13 (uitverkiesing) en dan vers 12 (aanneming), maar Johannes beklemtoon dat die aanneming van Jesus plaasvind deur hulle wat geloof ontvang het omdat hulle uitverkies is.

God is van al voor die skepping af hulle Vader. Hoor jy? Nie ons of ons ouers of ons dominee of ouderling maak ons God se kinders nie. Ons is uit God gebore!

*Sing: Skrifberyming 5:1, 2*

*Ds J Venter (Emeritus)*